

DIE FEES VAN ONSE HERE JESUS CHRISTUS, EWIGE HOËPRIESTER



Agt dae vóór *Corpus Christi* vier die Kerk hierdie fees. Hiermee fokus ons op die priesterlike amp van Jesus. Christus is die ‘*barmhartige en getroue Hoëpriester*’ (Heb. 2:17), wat ter wille van die mensdom by God die Vader intree (Heb. 7:25). Christus is ons ewige Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek, in Hom woon die Vader voor alle tye. Hy is die Middelaar tussen God en mens en Hy het in gehoorsaamheid aan sy Vader se Wil Homself vir eens en vir altyd aan die kruis as Slagoffer vir die hele wêreld opgeoffer. Sy offerande is ‘n ewige offerande en daardeur het die Nuwe Verbond tussen God en mens tot stand gekom.